

## Heer, U ken my soos geen ander

Oorspronklike titel: Heer, U kent mij als geen ander

Teks en Musiek: Marcel Zimmer

Afrikaanse vertaling: 2007 Faani Engelbrecht

© 2002 Celmar Music

Heer, U ken my soos geen ander  
U weet of ek sit of staan  
En U ken ook my gedagtes  
voordat ek dit self verstaan  
Dat U my so goed kan ken, Heer  
dit is totaal te groot vir my  
Dis 'n wonderlike wonder  
wat ek glad nie kan begryp

*Want U is altyd by my  
en altyd om my heen  
U lê u hande op my  
en laat my nooit alleen  
Want U is altyd by my  
en altyd om my heen  
U lê u hande op my  
en laat my nooit alleen*

Ook al sal ek na die Weste  
of die Verre Ooste gaan  
oraloor sal U my lei, Heer  
U sal altyd langs my staan  
En U maak my hele liggaam,  
tel sowaar ook elke haar  
Nee, dit kan ek nie verstaan nie;  
dis vir my te wonderbaar!

*Want U is altyd by my*